

BRITSE ADMINISTRASIE IN TRANSVAAL, 1877—1880

M.C. van Zyl

Universiteit van Suid-Afrika

In die anneksasieproklamasie en 'n adres wat sir Theophilus Shepstone op die anneksasiedag tot die Transvalers gerig het, het hy die gebreke van die Burgersregering uitgewys en met 'n aantal beloftes 'n beter administrasie in die vooruitsig gestel.¹ Die belangrikste belofte was dat Transvaal selfbestuur sou kry met 'n wetgewende liggaam wat vir sy eie wetgewing verantwoordelik sou wees. 'n Ander belangrike onderneming was om vir die betaling van die staatskuld voorsiening te maak. Verdere beloftes was gelyke beregtiging van Hollands en Engels, erkenning van regeringskontrakte, lisensies, en kerklike instellings, eerbieding van die lisensies van beroepslui soos prokureurs en landmeters, beskerming van eiendom, voorsiening van onderwys, en gelyke behandeling onder die wet van Blank en Swart. Laasgenoemde het egter nie gelyke burgerregte ingesluit nie.

Shepstone het as die eerste Britse administrateur van Transvaal geen geringe taak gehad nie. Die sukses van sy administrasie sou aan sy beloftes gemeet word. Boonop is in Brittanje en in Suid-Afrika hoë verwagtings van hom gekoester. In der waarheid het die sukses van Carnarvon se federasieskema in groot mate van hom afgehang. Die twee groot kwelvrae was of Shepstone die Transvalers tevrede kon stel en of hy die probleme wat met die Swartes ondervind is, veral dié met die Bapedi en die Zoeloes, kon oplos. Die sestigjarige Shepstone was sekerlik 'n persoon wat meer as enige ander Engelse amptenaar deur die Boere aanvaar sou word. Hy was met hulle lewenswyse en gewoontes bekend en het selfs hulle taal vlot gepraat. Daarby was hy sedert 1834 in regeringsdiens en het hy jarelange ervaring in die administrasie van Swartes aan die Kaapse Oosgrens en in Natal opgedoen. As Natalse sekretaris van Naturellesake het hy ook noue kontak met die Zoeloes gehad.

Aan die begin sou Shepstone niks van die Boere te vrees hê nie. Hulle sou hulle rustig gedra in afwagting op die resultaat van die protes wat president Burgers en die Uitvoerende Raad teen die anneksasie uitgevaardig het en waarvolgens 'n vryheidsdeputasie na Europa gestuur sou word.² Hierdie voorlopige berusting in die anneksasie deur die meeste Boere is deur Shepstone verkeerdlik as aanvaarding van Britse gesag beskou. Verskeie geskiedskrywers het Shepstone se oordeel sonder meer as juis aanvaar het, maar dat hulle later weens die swak administrasie teen Britse gesag in opstand gekom het. Die meeste Boere was in geen stadium bereid om die anneksasie te aanvaar nie. Die swak administrasie het wel meegehelp om die minderheid wat die anneksasie aanvaar het te oortuig dat hulle heil nie onder die Britse vlag lê nie. Selfs die Transvaalse Engelssprekendes is nie deur die administrasie bevredig nie.³

Shepstone was moontlik die geskikste persoon om die eerste administrateur van Transvaal te word. Daarby was hy vol selfvertroue. En tog kon hy nie onmiddellik na die anneksasie 'n splinternuwe weg inslaan nie. Hy moes wag op bekragting van die anneksasie en dit het hy eers diep in Julie 1877, meer as drie maande na die an-

1. *Britse Blouboek C. 1776*, 157—159: Proklamasie deur T. Shepstone, 12.4.1877, en pp. 160—163: Adres deur T. Shepstone, 12.4.1877.
 2. U.R. (Uitvoerende Raad, Transvaalse Argiefbewaarplek) 5, pp. 583—586: Resolusie Uitvoerende Raad, 11.4.1877.
 S.S. (Staatskretaris, Transvaalse Argiefbewaarplek) 233, p. 146 (R 1279/77): Protes deur T.F. Burgers, 11.4.1877.
 3. Oor die reaksie, houding en optrede van die Boere lees M.C. van Zyl: *Die Protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners (1877—1880)*, Pretoria en Kaapstad, 1979.
 4. C. 1883, p. 8: Carnarvon — T. Shepstone, 21.6.1877. *De Volkstem*, 25.7.187.

neksasie, ontvang.⁴ Hy moes ook wag op troepe en het eers ná die aankoms daarvan die Britse vlag vir die eerste keer amptelik gehys. Dit sou op die Britse Koningin se verjaarsdag op 24 Mei 1877 geskied het, maar is weens reën een dag uitgestel.⁵

Die eerste groot probleem waarmee Shepstone te kampe gehad het, was die konstitusie. Nadat hy aanvanklik met die gedagte gespeel het om die Volksraad van die voormalige Republiek byeen te roep, het hy daarteen besluit en aan 'n nuwe grondwet gewerk.⁶ Hy het 'n tweekamerparlement in gedagte gehad, naamlik 'n verkose volksraad van 42 lede en 'n genomineerde raad van 12 lede. Die moontlikheid van 'n Suid-Afrikaanse federasie het egter verhoed dat daar vinnige vordering met 'n konstitusie vir Transvaal gemaak is. Eindelik het Carnarvon op 29 September 1877 vir Shepstone laat weet dat die instelling van 'n konstitusie opgeskort word totdat daar meer duidelikheid was oor die toekomstige bedeling van die state en kolonies in Suid-Afrika.⁷

Die versuim om selfregering in te stel, het nie alleen die Transvalers verontrus nie, maar het ook vir Shepstone in 'n ongemaklike situasie geplaas omdat hy nie oor wetgewende gesag beskik nie. In Engeland is toe besluit dat hy wetgewende gesag deur proklamasie kon beoefen, waardeur hy outokratiese gesag bekom het. Hieroor was die openbare mening baie ongelukkig.⁸

Ook in 'n uitvoerende hoedanigheid moes Shepstone hindernisse oorkom. Die meeste staatsamptenare het na die anneksasie in hulle poste aangebly, maar was volgens Shepstone uiters swak. Gevolglik het hy twee persone wat saam met hom uit Natal gekom het in twee sleutelposte aangestel, naamlik Melmoth Osborn as koloniale sekretaris en Henrique Shepstone, sy oudste seun, as sekretaris van Naturellesake. Naas Shepstone was hulle die hoogbesoldigste amptenare in Transvaal.⁹ Hy het ook die dienste van T.G. Crowley vir sewe maande uit Natal verkry.¹⁰ Hierdie poging om die Transvaalse staatsdiens te verbeter, het die gedagte laat posvat dat Shepstone Transvaal 'n aanhangsel van Natal wou maak en het heelwat kritiek uitgelok.

Op finansiële gebied was Shepstone vasbeslote om sy belofte van skulddeging gestand te doen. Die Britse parlement was natuurlik in hierdie dae gekant teen gebieds-uitbreiding en wars aan uitgawes in die kolonies. Carnarvon wou hê dat die Transvaalse administrasie nie alleen sonder groot uitgawes bedryf moes word nie maar ook so gou doenlik in sy eie behoeftes moes voorsien,¹¹ wat volgens kenners wel moontlik was.¹² In Londen is die gedagte uitgespreek dat Shepstone slegs die noodsaaklikste skuld moes delg en die ander moes oorhou vir Carnarvon om daaroor te besluit.¹³ Hoe hy moes bepaal welke skulde drukkend en welke onbelangrik was, is nie gesê nie.

5. Spencer Stanhope Ms 60628 (Central Library, Sheffield): F.W. Spencer Stanhope — Charlie, 25 en 27.5.1877.
6. Vgl. E.J.P. Jorissen: *Transvaalse Herinneringen 1876—1896*, Amsterdam en Pretoria, 1897, p. 34; J.G. Kotze: *Biographical Memoirs and Reminiscences* (Vol. I), Cape Town, no date, pp. 689—690; en Shepstone Collection (Natal Archives Depot): T. Shepstone — H.B.E. Frere, 6.6.1877.
7. L.B. (Letter Books, Transvaal Administrator, Transvaal Archives Depot) 1, pp. 190—194: Memorandum deur T. Shepstone, 29.7.1877. C.O. (Colonial Office, Public Record Office, London) 879/12, African No. 142, p. 135: Carnarvon — T. Shepstone, 29.9.1877.
8. C.O. 291/1 nr. 11650/77: Law Officers — Carnarvon, 29.9.1877 en Notas. Shepstone Collection: W.R. Malcolm — T. Shepstone, 27.7.1877. De Volksstem, 13.11.1877.
9. P.R.O. (Carnarvon Papers, Public Record Office, London) 30/6/23 nr. 9: T. Shepstone — Carnarvon, 25.7.1877; C.O. 291/1 nr. 10932/77: T. Shepstone — Carnarvon, 31.7.1877; C.O. 291/1 nr. 13226/77: Civil Establishment.
10. Vgl. G.H. (Government House, Natal Archives Depot) 789 nr. G 257/77: T. Shepstone — H. Bulwer, 25.7.1877; G.H. 789 nr. G 505A/77: T. Shepstone — H. Bulwer, 6.9.1877; G.H. 790 nr. G 421/78: T. Shepstone — H. Bulwer, 25.12.1877.
11. P.R.O. 30/6/33 nr. 42: Carnarvon — H.B.E. Frere, 23.5.1877.
12. Vgl. Shepstone Collection: F. Jeppe — Ebdon, 25.6.1877; C. 1961, pp. 76—77: P. Whitehead — T. Shepstone, 13.8.1877; P.R.O. 30/6/23 nr. 9: T. Shepstone — Carnarvon, 23.7.1877; en Shepstone Collection: T. Shepstone — H.B.E. Frere, 6.6.1877 en T. Shepstone — R.G.W. Herbert, 20.6.1877.
13. C.O. 879/11, African No. 141, pp. 18—19: Carnarvon — H.B.E. Frere, 29.8.1877.

Vir Shepstone was dit belangrik om met sy finansiële beleid die vertroue van die Transvalers te wen. Hy het dadelik Burgers se gehate oorlogsbelasting afgeskaf en 'n kommissie aangestel om die finansies te ondersoek. Die kommissie het eise teen die ou regering ontvang en ondersoek. Dit het gou geblyk dat die betaling van die eise groot bedrae sou verg. Die kommissie het ook getwyfel of die lopende inkomste die gewone uitgawe sou dek. Shepstone was dus verplig om geld te leen. Hy het £20 000 van die kommissariaat verkry, maar dit was vroeg in Junie 1877 reeds bestee, terwyl 'n skuldelaas van £100 000 nog op vereffening gewag het. Shepstone het dus in Londen om hulp aangeklop en die Natalse goewerneur om 'n voorskot van £10 000 gevra.¹⁴

In Londen het Carnarvon om 'n voorskot van £100 000 by die Britse tesourie aangesoek gedoen.¹⁵ Intussen het Shepstone op 'n toer na Wes-Transvaal vertrek. Hy het geen probleme voorsien nie omdat hy geglo het dat Natal die gevraagde voorskot sou toestaan. Dit is egter geweier en J. Henderson, die voorsitter van die finansiële kommissie, was verplig om sy persoonlike bankbalans ter beskikking te stel en verdere toekennings van die militêre besaghebbendes te kry. Nóg Shepstone, nóg die kommissie het die koloniale finansiële regulasies stiptelik gevolg. Boonop is Carnarvon en sir Bartle Frere, die Kaapse hoë kommissaris, nie volledig ingelig nie. Sodoende is die indruk geskep dat Shepstone besig was om roekeloos te bestee.¹⁶ Finansiële probleme het Shepstone gewis benadeel en op 7 Augustus 1877 het hy in 'n private brief aan Burgers beken: "My great difficulty is what yours was, want of money."¹⁷

En tog moes Shepstone van beter gewees het. Ervare koloniale amptenare soos sir Bartle Frere en sir Garnet Wolseley het hom gewaarsku teen uitgawes. Ook Carnarvon het aangedring op versigtigheid en die berigte oor die spandabelrigheid in Transvaal het hom erg verontrus. Hy het Shepstone gemaan om uitgawes drasties te besnoei en ook 'n ervare Britse amptenaar, W.C. Sargeant, na Transvaal gestuur om Shepstone behulpsaam te wees.¹⁸ Sargeant het so 'n wye opdrag ontvang¹⁹ dat die indruk geskep word dat hy gestuur is om Shepstone te vervang, eerder as om hom by te staan. Ten spyte van Shepstone se pogings om homself te verontskuldig het die gedagte in Londen voortgeleef dat hy 'n verkeerde finansiële beleid in Transvaal gevolg het. Sargeant se ondersoek het egter getoon dat Shepstone se administrasie nie so roekeloos bestee het as wat in sommige kringe geglo is nie.²⁰

'n Projek wat weens sy finansiële implikasies verongeluk het, is Burgers se spoorweg na Delagoabaai. 'n Groot deel van die spoorwegmateriaal wat voor die anneksie gekoop is, was al in Delagoabaai en die res het op verskeping in België gewag. Shepstone en sy finansiële kommissie wou egter nie verdere uitgawes aangaan om die projek voort te sit nie en Carnarvon het dit so goedgekeur.²¹ As gevolg van finansiële probleme het Shepstone dus nie sy belofte gehou om bestaande konsessies, in hierdie

14. Shepstone Collection: T. Shepstone — R.G.W. Herbert, 18.4.1877; C. 1776, pp. 165–164; T. Shepstone — Carnarvon, 18.4.1877; L.B. 1, pp. 86–87; M. Osborn — J. Henderson, C.J. Juta en J.F. Ziervogel, 16.4.1877; C. 1815, p. 2; J. Henderson — N.J.R. Swart, 6.6.1877 en bylae: C.O. 879/12, African No. 142, pp. 289–292; Nota deur J. Henderson, 15.8.1877; L.B. 1, pp. 141–143; T. Shepstone — H.B.E. Frere, 6.6.1877; G.H. 789 nr. G 175A/77; T. Shepstone — H. Bulwer, 6.6.1877.

15. C. 1814, pp. 5–7; Koloniale Kantoor — Tesourie, 8.6.1877.

16. Vgl. L.B. 1, p. 178; T. Shepstone — J. Henderson, 21.6.1877; Shepstone Collection: H. Bulwer — T. Shepstone, 4.7.1877 en 11.7.1877; T. Shepstone — Bulwer, 24.7.1877; Korrespondensie in C.O. 879/12, African No. 141, pp. 8–32 en African No. 142, pp. 252–242, 265–268 en 287–293.

17. Shepstone Collection: T. Shepstone — T.F. Burgers, 7.8.1877.

18. C.O. 879/12, African No. 141, p. 18; Carnarvon — H.B.E. Frere, 27.8.1877; Shepstone Collection: Carnarvon — T. Shepstone, 23.8.1877.

19. C.O. 879/12, African No. 141, pp. 37–38; R.G.W. Herberg — W.C. Sargeant, 3.10.1877.

20. C. 2144, pp. 275–295; Rapport deur W.C. Sargeant, 1.1.1878.

21. C.O. 48/482 nr. 7644/77; T. Shepstone — Carnarvon, 14.5.1877, Finansiële Kommissie — Regeringssekretaris, 9.5.1877 en Telegram Carnarvon — Frere, 6.7.1877.

geval die spoorwegkonsessie, te erken nie. Die Boere het hulle nie veel aan die spoorweg gesteur nie, maar vir die Transvaalse Engelse was dit 'n belangrike onder-neming.

'n Tekort aan geld het voorts die regswese benadeel. Net voor die anneksasie het die Volksraad 'n hooggeregshof met 'n hoofregter en drie regters goedgekeur en die eerste stappe is gedoen om die hooggeregshof te implementeer, onder meer deur die aanstelling van John Kotze as hoofregter. Shepstone kon egter nie die volle hooggeregs-hof instel nie en het dus op 'n hoërhof met een regter (Kotze) besluit.²² Die hoërhof is per proklamasie ingestel, waardeur Shepstone sy belofte om bestaande wette te respekteer netjies gesystap het.

'n Volgende belangrike aspek van Shepstone se administrasie was die hantering van die Swartes in Transvaal en op die Transvaalse grense. Met die anneksasie het Shepstone die Burgersregering daarvan beskuldig dat hy nie sy mense teen die Swartes beskerm het nie. Hy het onderneem om die Swartes aan die gesag van die regering te onderwerp en om hulle geldelik te laat bydra tot die uitgawes van die Staat wat hulle beskerm. Hy het beoog om magistrate onder drie tot vyf kommissarisse te groepeer. Een kommissaris in die persoon van kaptein Marshall Clarke, wat saam met Shepstone van Natal af gekom het, is vir Oos-Transvaal aangestel, en 'n besoekende spesiale kommissaris, kaptein sir Morrison Barlow, is vir die noordelike distrikte aangewys.²³ Veel verder is daar nie gevorder nie omdat Shepstone se aandag op ander fronte gevestig is, veral in die weste in die sogenaamde Keate-uitspraakgebied, in die ooste waar Sekhukhune en sy Bapedi lastig was, en in die suidooste waar die grensgeskil met die Zoeloes onrusbarend geword het.

Na die Keate-uitspraak het die Suid-Afrikaanse Republiek voortgegaan om oor die grond tussen die Vaalrivier en die Hartsrivier gesag te voer, ofskoon dit deur Keate aan 'n paar Swart kapteins toegesê is. Na die anneksasie was daar onsekerheid oor die toekoms van die Keate-uitspraakgebied. Dit het tot heelwat onderlinge botsings gelei. Vir Shepstone was dit 'n "tangled web" wat opgelos moes word.¹⁴ Hy het voortgegaan om soos Burgers voor hom die gebied te administreer, 'n stap waarmee kapteins soos Montsioa geensins genoeg geneem het nie.²⁵ In September 1877 het Shepstone by Carnarvon aanbeveel dat die gebied by Transvaal ingelyf word.²⁶ Die aangeleentheid het egter nog lank hangende gebly.

'n Belangriker onrusgebied was Sekhukhuneland, noordwes van Lydenburg. Shepstone het die vrede wat Burgers voor die anneksasie met Sekhukhune gesluit het, aanvaar, ofskoon hy dit as 'n vernederende vrede vir Transvaal en vir die Blankes oor die algemeen beskou het. In terme van die vrede het Sekhukhune erken dat hy 'n onderdaan van die Republiek was en het hy hom bereid verklaar om 2 000 beeste as 'n boete vir sy optrede te betaal. Shepstone het gemeen dat Sekhukhune die boete maklik kon betaal daar hy 5 000 beeste van Blankes in sy besit gehad het. Na die anneksasie het Shepstone Sekhukhune voor die keuse gestel om te trek, of om Britse onderdaan te bly en belasting te betaal. Sekhukhune het verkies om te bly en het ook onderneem om die boete an 2 000 beeste binne elf dae te betaal.²⁷

22. J.G. Kotze: *Biographical Memoirs*..., pp. 417–421; C.O. 291/1 nr. 822/77: T. Shepstone – Carnarvon, 13.6.1877 en bylae.

23. Shepstone Collection: T. Shepstone – H. Bulwer, 29.5.1877, T. Shepstone – M. Clarke, 9.6.1877; C.O. 879/12, African No. 142, pp. 145–146; N.J.R. Swart – M. Barlow, 21.6.1877.

24. G.H. (Kaap) (Government House, Cape Archives Depot) 11/3, pp. 5–9: T. Shepstone – H.B.E. Frere, 8.5.1877.

25. S.S. 241, pp. 160–163 (R 2725/77: Montsioa – T. Shepstone, 14.6.1877).

26. C.O. 291/1 nr. 13799/77: T. Shepstone – Carnarvon, 27.9.1877.

27. Vgl. K.W. Smith: *The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune 1877–1879 Archives Year Book for S.A. History*, 1967, II, p. 8; L.B. 3, pp. 125–129: Shepstone – Minister van Kolonies, 16.4.1878; C.O. 48/482 nr. 8872/77: Shepstone – Carnarvon, 13.6.1877 en bylae.

Sekhukhune het nie sy woord gestand gedoen nie. Nadat hy tot in Augustus 1877 sowat 245 swak beeste in 'n paar paaiemente by kommissaris Clarke afgelewer het, het Shepstone die beeste teruggestuur met die eis dat die boete in sy geheel betaal moes word.²⁸ Sekhukhune het egter nie gereageer nie en Shepstone was nie by magte om die boete af te dwing nie. Dit het aanvanklik ook nie gelyk of Sekhukhune aggressie beplan nie. Teen Desember 1877 was dit egter vir Clarke duidelik dat Sekhukhune hom voorberei om teen die Blankes daar naby en teen die lojale Swartes op te tree. Al mag wat Shepstone toe gehad het om daarheen te stuur was 'n Zoeloe-polisiemag van 104 man wat vir die doel in Natal gewerf is.²⁹

Die polisiemag was te klein en te onervare om Sekhukhune en sy suster Legolwana in toom te hou. Hulle het in Februarie 1878 vir Pokwane aangeval en verdryf en die volgende maand Blankes begin molesteer. Shepstone het nie oor voldoende troepe beskik om Sekhukhune te gaan straf nie. Daar is met behulp van vrywilligers opgetree, dog die toestand het al dreigender geword.³⁰

Ook in die distrik Utrecht was die toestand plofbaar. Die eintlike rusie het gegaan oor die sogenaamde betwiste gebied wat oos van Bloedrivier geleë was. Die Transvalers het beweer dat Cetshwayo die grond in 1861 aan hulle geskenk het in ruil vir twee van sy broers wat na Utrecht gevlug het. Cetshwayo was toe aanspraakmaker op die Zoeloe-opperhoofskap en opperhoof Mpande het die skenking erken. Cetshwayo het egter die skenking ontken en van 1876 af het dit 'n onrusgebied geword toe die Republiek daar belastings wou kollekteer.³¹ Hierdie toestand van sake is deur Shepstone as een van die voorwendsels gebruik om Transvaal te annekseer. Min het hy geweet dat hy die probleem van die betwiste gebied sou erf.

Die grensboere in die distrikte Utrecht en Wakkerstroom het ná die anneksasie beskerming van Shepstone verag.³² Daarteenoor het Cetshwayo die anneksasie verwelkom, want Shepstone kon nou die Boere uit die betwiste gebied verwyder.³³ Nie een van die twee partye wou kopgee nie. Shepstone het natuurlik volmag gehad om enige gebied aanliggend aan die Britse kolonies in Suid-Afrika te annekseer, maar hy is uit Londen gemaan om vir 'n jaar of so liewer nie aan die anneksasie van Zoeloeland te dink nie.³⁴ Hy het self geglo dat Zoeloeland een of ander tyd oorgeneem moes word, maar het toe daarvan afgesien. Al wat hy kon doen om 'n oplossing te probeer bereik was om in Augustus 1877 self na die grensgebied te vertrek en vandaar met Cetshwayo te onderhandel.

In sy onderhandelings met die Zoeloes het dit vir Shepstone duidelik geword dat hy die invloed wat hy gemeen het hy oor hulle het, verloor het. Sy voorstel vir 'n grens is deur die Zoeloes begroet met 'n eis van onbetwisbare Transvaalse grondgebied en dit ten spyte van die feit dat hy toe nie die "skenking" van 1861 erken het nie.³⁵ Hierna is Shepstone volgens sy eie getuienis oortuig dat die skenking wel gemaak is en het hy ook bewyse gevind dat die Zoeloes in hulle vroeëre onderhandelings Boer en Brit teenoor

28. L.B. 3, pp. 125–129; T. Shepstone – Minister van Kolonies, 16.4.1878.

29. K.W. Smith: *The Campaigns...*, p. 12; L.B. 3, pp. 102–104; T. Shepstone – Carnarvon, 24.1.1878.

30. S.S. 268, pp. 10–12 (R 588/78); M. Clarke – Regeringsekretaris, 8.2.1878 en bylae, K.W. Smith: *The Campaigns...*, pp. 13–15.

31. Vgl. R.L. Cope: *Shepstone and Cetshwayo, 1873–1879*, Unpublished M.A. thesis, Natal, 1967, pp. 20–23 en 112; en H. Stander: *Die Verhouding tussen die Boere en Zoeloe tot die Dood van Mpande in 1872*, *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis* 1964, II, pp. 341–345 en 352.

32. Kyk o.a. S.S. 236, pp. 182–184 (R 1876/77); Memorie C.J. van Rooyen en 14 ander – T. Shepstone, 26.4.1877.

33. S.S. 241, pp. 58–110 (ongenommer); H.B. Fynney – M. Osborn, 4.7.1877.

34. Shepstone Collection: R.G.W. Herbert – T. Shepstone, 7.6.1877.

35. R.L. Cope: *Shepstone and Cetshwayo*, pp. 226 en 230–234.

mekaar probeer uitspeel het.³⁶ Shepstone se frontverandering, wat ook al die rede daarvoor was (die Zoeloes het gesê hy het 'n goeie Boer geword), het nie die geskil nader aan die oplossing gebring nie.

Ook van hulle kant het die Zoeloes eerder op 'n krisis as 'n oplossing afgestuur deur die Blankes, wat na hulle mening op Zoeloegrond gewoon het, te bedreig. Talle Boere het hulle plase verlaat. Een van hulle het aan Shepstone vertel dat 'n Zoeloe-kaptein sy huis binnegegaan het. Nadat hy al die kamers geïnspekteer het, het hy te kenne gegee dat hy dit wou bewoon. Hy sou die slaapkamer aan sy hoofvrou gee en die waenhuis vir bierpartytjies gebruik.³⁷ Volgens Shepstone was 'n gebied van 100 myl lank en 30 myl breed op drie enkele uitsonderings na teen Kersfees 1877 heeltemal verlate.³⁸

Shepstone het die onderhandelings voortgesit, maar geen resultate behaal nie. Toe hy sy lot by Natalse goewerneur sir Henry Bulwer bekla het, het Bulwer 'n boodskapper na Cetshwayo gestuur en arbitrasie voorgestel.³⁹ Terwyl op Cetshwayo se antwoord gewag is, het die toestand so verswak dat Shepstone aan oorlog begin dink het. Hy is egter vanuit Brittanje streng gemaan om 'n oorlog te vermy.⁴⁰

Toe Cetshwayo in Januarie 1878 tot 'n ondersoek van die grensgeskil inwillig, het Bulwer die onderhandelings uit Shepstone se hande geneem. Shepstone was ongelukkig daaroor. Ook die grensboere was verontrus en het Shepstone herinner aan sy belofte in die anneksasieproklamasie om hulle te beskerm. Hulle was bang dat die ondersoek in die guns van "een gekroonde roover, moordenaar, en woordbreker" sou verloop.⁴¹ Ook sommige koerante het gemeen dat arbitrasie slegs 'n oplossing sou verdraag, aangesien Cetshwayo hom tog nie sou neerlê by 'n beslissing waarvan hy nie hou nie. Nogtans is 'n grenskommissie benoem wat gedurende Maart-April 1878 sitting gehad het en op 20 Junie verslag gelewer het.⁴²

Shepstone was magteloos om sy onderdane te beskerm. Vir die grensboere was dit 'n ontnugtering en hulle het teen Britse gesag gedraai.⁴³ Shepstone se lang afwesigheid van Pretoria het ook sy tol geëis. Soveel sake het opgeduik dat hy nie meer daarmee kon tred hou nie. Teen die end van Januarie 1878 het hy ruitelik erken: "I am in the midst of a number of volcanic eruptions, and one great business I have to attend to is not to be on the top of one of them when it blows up."⁴⁴ Beskuldigings is gemaak dat daar meer swakheid en anargie as ooit tevore in Transvaal was. Shepstone se administrasie is hiervoor verantwoordelik gehou. Daar is selfs 'n petisie opgestel waarin om 'n ondersoek na Shepstone se doen en late gevra is. In 'n tweede petisie is versoek dat Shepstone as administrateur vervang word deur kolonel F. Weatherley.⁴⁵ Hierdie petisies is nie deur die Boere nie, maar deur die Engelssprekendes en 'n paar lojaal-gesinde Afrikaners georganiseer.

Shepstone se administrasie het duidelik nie aan die verwagtings voldoen nie. Hy het sy bes probeer om 'n sukses daarvan te maak maar nes Burgers voor hom is hy gekortwiek deur 'n tekort aan geld en moeilikhede met die Swartes. Namate sy

36. Vgl. o.a. Shepstone Collection: T. Shepstone — H. Bulwer, 26.11.1877 en 10.12.1877; en C.O. 879/12, African No. 147, pp. 85–91; T. Shepstone — Carnarvon, 1.12.1877.

37. C.O. 879/12, African No. 147, pp. 91–92; T. Shepstone — Carnarvon, 4.12.1877.

38. Shepstone Collection: T. Shepstone — H.B.E. Frere, 25.12.1877.

39. C. 2000, pp. 67–68; Boodakap H. Bulwer — Cetshwayo, 8.12.1877.

40. C.O. 879/12, African No. 147, p. 7; Carnarvon — T. Shepstone, 3.1.1878.

41. S.S. 321, pp. 258–261 (R 4655/78); Petisie Utrecht- en Wakkerstroomboere — T. Shepstone, 2.2.1878.

42. R.L. Cope: *Shepstone and Cetshwayo*, pp. 298, 300, 302 en 306.

43. *Ibid.*, p. 279.

44. Shepstone Collection: T. Shepstone — H. Bulwer, 29.1.1878.

45. C. 2144, pp. 143–148 en 176; Ongedateerde Petisies — H.B.E. Frere.

administrateurskap sy einde genader het, het die probleme vererger. Na die mislukking van die eerste vryheidsreputasie was die Boere meer as ooit vasbeslote om hulle onafhanklikheid te herwin. Die stryd teen Sekhukhune is voortgesit en was teen die end van 1878 nog aan die gang, ofschoon daar reeds \$43 000 bestee is om hom te onderwerp.⁴⁶

Ook in hierdie betwiste gebied het die stryd voortgeduur. Die grenskommissie se verslag het nie almal bevredig nie. Vir Shepstone was it 'n groot teleurstelling, want die betwiste gebied is aan die Zoeloes toegeken.⁴⁷ Sir Bartle Frere was ook ongelukkig oor die kommissie se bevindings, maar het dit aanvaar. Hy het egter in 'n ultimatum tien eise aan Cetshwayo gestel. Die eerste vier het gehandel oor boetes en uitlewerings wat op oortredings van Cetshwayo se onderdane gevolg het, terwyl die ander ses bedoel was om sekuriteit te verseker deur die vestiging van 'n Britse resident in Zoeloeland, die ontbinding van die Zoeloeleër, toestemming aan jong krygers om te trou, 'n verbod op onnodige bloedvergieting, die hertoelating van sendelinge en 'n beperking op oorlogsverklaring.⁴⁸ Cetshwayo het nie op die ultimatum geantwoord nie en so het die Anglo-Zoeloeoorlog van 1879 uitgebreek.

Reg of verkeerd het Frere geglo dat die onderwerping van die Zoeloes die Boere sou aanspoor om in die anneksasie te berus. In der waarheid was daar anders maar min waarmee Shepstone toe Boereteenstand as't ware kon afkoop. In 1878 is wel 'n rekordinkomste van byne £100 000 ingesamel, maar die uitgawes het dit met £20 000 oorskry. Transvaal se skuld het tot £274 000 toegeneem.⁴⁹ Daar was wel verbeterings op onderwysgebied. Die aantal skole het in die eerste twee jaar van Britse bestuur verdubbel. Die Superintendent van Onderwys, dr. J.V. Lyle, het in November 1878 ook 'n belangrike rapport uitgebring.⁵⁰ Op die gebied van die regsweese was daar in 1878 twee belangrike ontwikkelinge. 'n Tweede regter is goedgekeur en dr. E.J.P. Jorissen is as prokureur-generaal ontslaan en vervang deur advokaat C.J. Maasdorp.⁵¹ Jorissen het hierna sy volle gewig by die Boeresak ingegooi en die anneksasie teengewerk.

Shepstone is in Julie 1878 na Londen teruggeroep, maar die datum van sy vertrek moes deur Frere bepaal word.⁵² Weens die moeilikhede met die Zoeloes het hy tot in Februarie 1879 in Transvaal gebly. Carnarvon se opvolger as Britse minister van kolonies, sir Michael Hicks Beach, het nie veel van Shepstone se vermoëns gedink nie en het hom vervang met die ses-en-dertigjarige William Owen (later sir Owen) Lanyon, administrateur van Griekwaland-Wes sedert 1875. Lanyon was 'n kolonel in die Britse leër en 'n persoon wat 'n hoë dunk van homself gehad het. Sy optrede in Griekwaland-Wes, waar hy hierdie kolonie se finansies gou reggeruk en 'n opstand onder die Swartes onderdruk het, getuig van dryfkrag en deursettingsvermoë. In die oë van Hicks Beach was Lanyon net die regte man om orde op sake in Transvaal te bring. Aan die ander kant was hy 'n persoon wat van Suid-Afrika en sy mense, en dit sluit ook

46. Vgl. o.a. S.S. 314, p. 25 (R 4109/78): Tesourier — Regeringsekretaria, 20.11.1878; finansiële state in S.S. 327, p. 58 en C.O. 879/15, African No. 174, pp. 64–65.

47. Shepstone Collection: T. Shepstone — H.C. Shepstone, 3.9.1878.

48. Shepstone Collection: H.B.E. Frere — T. Shepstone, 7.10.1878; E.H. Brookes en C. de B. Webb: *A History of Natal*, Pietermaritzburg, 1965, p. 134.

49. C.O. 879/15, African No. 174, pp. 61–65; T. Shepstone — M. Hicks Beach, 6.2.1879 en finansiële state vir 1878. C.O. 291/2 nr. 4439/79: Nota deur R.L. Antrobus, 27.3.1879.

50. Shepstone Collection: W.O. Lanyon — T. Shepstone, 12.6.1879. S.S. 515, pp. 225–312 (R 4251/78): Rapport deur Superintendent van Onderwys, 16.11.1878.

51. Vgl. o.a. C.O. 291/1 Nr. 7559/78: M. Hicks Beach — T. Shepstone, 20.11.1878; Kotzeversameling (Transvaalse Argiefbewaarplek) 1: Lëer oor E.J.P. Jorissen se Ontslag; Shepstone Collection: T. Shepstone — H.B.E. Frere, 25.9.1878.

52. Shepstone Collection: M. Hicks Beach — T. Shepstone, 18.7.1878; Hicks Beach Papers (Gloucestershire Record Office, Gloucester) PCC/22: M. Hicks Beach — H.B.E. Frere, 18.7.1878.

Engelssprekendes in, niks gedink het nie. Hy wou so gou doenlik sy taak verrig en die haatlike land verlaat.⁵³ Hy het die Boere in Transvaal as 'n klomp lafaards beskou wat hulle laat opstook deur mense wat geen belang in die land het nie. Hy wou hulle geen konstitusionele vryhede gee nie en sy standpunt was dat "the more you can keep the reins in your own hands, the better it would be for the place".⁵⁴

Toe Lanyon op 4 Maart 1879 die teuels in Transvaal oorgeneem het, was sake maar baie deurmekaar. Vele van die beloftes wat deur Shepstone gemaak is, is verbreek; op die oosgrens was daar 'n oorlog, en binnelands was daar steeds onrus onder die Bapedi, terwyl die meerderheid Boere begerig was om die regering aan die hoof waarvan Lanyon gestaan het, af te skud. Die redakteur van *De Volksstem* het Lanyon aangeraai om die volk in sy vertroue te neem en hulle nie nog verder met krasse maatreëls te vervreem nie.⁵⁵ Hoe Lanyon dit moes doen, is moeilik om te sê, want dit was spoedig uit die Boere se onderhandelings met hom en met Frere duidelik dat hulle niks anders as hulle onafhanklikheid begeer het nie en geensins geïnteresseerd was in selfbestuur onder die Britse vlag nie.⁵⁶

Naas Lanyon sou nog 'n jong militarist, die ses-en-veertigjarige generaal-majoor sir Garnet Wolseley, in 1879–80 'n rol in Transvaal speel. Omdat hoë-kommissaris Frere vir die oorlog met die Zoeloes verantwoordelik gehou is, het die Britse regering hom sy gesag in Natal, Zoeloeland en Transvaal ontnem en aan 'n hoë-kommissaris vir Suidoos-Afrika in die persoon van Wolseley toevertrou. Wolseley was 'n knap soldaat wat skitterend opgang gemaak het. Hy is beskou as die man wat die Zoeloes sou tem en die Boere-agitasie vir onafhanklikheid sou smoor. Wolseley het egter sy eie vermoëns oorskot en was daarby 'n grootprater. Net soos Lanyon was hy ook ongelukkig in Suid-Afrika en wou hy so gou doenlik weer vertrek.⁵⁷

Toe Wolseley in Natal aankom, was die mag van die Zoeloes reeds gebreek en hy het vroeg in September 1879 vrede met hulle gesluit. Zoeloeland is nie geannekseer nie en vir menigeen was dit onverklaarbaar waarom Brittanje steeds geweier het om die Transvaalse Boere se onafhanklikheid terug te gee. Wat *De Volksstem* betref het is in die oorlog met die Zoeloes meer goud as verstand bestee en het dit geëindig "als een nachtkaaers, zonder glans en zonder eer".⁵⁸

Tydens die Anglo-Zoeloeoorlog is herhaaldelik van Britse kant 'n beroep om hulp op die Transvalers gedoen. Behalwe vir 'n klein klompie burgers onder aanvoering van Piet Uys, seun van Piet Uys wat in 1838 deur die Zoeloes by Italeni in 'n hinderlaag gedood is, was daar geen reaksie nie. Vir die Boere het die anneksasie hulle so ver van die Engelse verwyder dat daar geen samewerking kon wees alvorens die anneksasie nie herroep word nie.⁵⁹ Selfs 'n suggestie van Frere dat dit in belang van Transvaal sou wees indien die Boere teen die Zoeloes help, het op dowe ore geval.⁶⁰ Toe Lanyon in Mei 1879 vir M.W. Pretorius oorgehaal het om 500 burgers byeen te kry om die Transvaal-Zoeloelandgrens te patrolleer en strooptogte vanuit Zoeloeland te verhoed, was daar soveel ontevredenheid dat hy dit laat vaar het. Die Boere het gevoel dat die onafhanklikheidstrewige ingeboet sou word as hulp aan die Engelse verleen word.⁶¹ Ook

53. Vgl. o.a. Lanyon Collection (Transvaal Archives Depot) 12, pp. 210–215; W.O. Lanyon – Vader, 27.8.1878.

54. Shepstone Collection: W.O. Lanyon – T. Shepstone, 16.9.1878.

55. *De Volksstem*, 4.3.1879.

56. Kyk M.C. van Zyl: *Die Protesbeweging...*, hoofstuk 5.

57. Vgl. o.a. A. Preston (ed.): *The South African Journal of Sir Garnet Wolseley 1879–1880*, Cape Town, 1973, pp. 2 en 38–39.

58. *De Volksstem*, 9.9.1879.

59. Vgl. C. 2308, p. 7; S.J.P. Kruger – M. Osborn, 21.1.1879.

60. B.V. (Boeren Voormannen, Transvaalse Argiefbewaarplek) 3, pp. 36–49; Notule van Vergadering met H.B.E. Frere, 12.4.1879.

61. C.O. 879/15, African No. 199, pp. 3–5; W.O. Lanyon – H.B.E. Frere, 10.6.1879; *De Volksstem*, 17.6.1879; M.W. Pretorius – Redakteur, 6.6.1879.

die betaling van belasting en die aflegging van die eed van getrouheid deur amptenare is deur sommige Boere as samewerking met die Engelse beskou.⁶²

Van hierdie gesindheid het Lanyon natuurlik niks gehou nie en hy was vasbeslote om streng op te tree. Hy is egter deur Wolseley gemaan om eers te wag totdat hy met troepeersterkings in Pretoria aankom.⁶³ Op pad na Pretoria in September 1879 het Wolseley probeer om met soveel moontlik Boere kontak te maak, maar die meerderheid was afsydig en stuurs. Op sy beurt het hy onomwonde aan hulle bekendgemaak dat "as long as the sun shines daily this (Transvaal) will continue part of Her Majesty's dominions in South Africa",⁶⁴ of dat die Vaalrivier eerder sou terugvloei voordat Britse gesag uit Transvaal onttrek sou word.⁶⁵ Na sy aankoms in Pretoria het hy ook amptelik per proklamasie aangekondig "that this Transvaal territory shall be and shall continue to be for ever an integral part of Her Majesty's Dominions in South Africa".⁶⁶

Hiermee het Wolseley gemeen om alle onsekerheid oor die Britse bedoelings met Transvaal uit die weg te ruim. Voorts sou hy die wette streng toepas, onder meer met betrekking tot die insameling van belasting, en 'n uitvoerende raad instel. Hy het ook beoog om die moeilikheid met Sekhukhune te besleg. Sy grootste bekommernis was dat die Boere onverantwoordelik sou optree.⁶⁷

Met die instelling van 'n Uitvoerende Raad op 2 Oktober 1879 wou Wolseley aan die Transvalers toon dat hy nie die anneksasiebeloftes vergeet het nie en minstens wou begin om in die rigting van selfregering te werk. Hy het die Raad van vyf amptenare en drie nie-amptenare by proklamasie ingestel. Wanneer die Raad byeengeroep word, sou 'n voorstel vir 'n wetgewende vergadering ingedien word. Die Raad kon egter nie byeengeroep word nie omdat Wolseley onseker was of sy proklamasie regsrag besit het. Hy moes dus eers die goedkeuring van die Britse regering kry.⁶⁸ Uiteindelik het die nuwe grondwet eers in Maart 1880 in werking getree.

Die onderwerping van Sekhukhune was 'n volgende taak wat Wolseley belangrik geag het. Sekhukhune het al vir meer as twee jaar lank die Transvaalse owerheid getart. Lanyon wou in die winter van 1879 teen Sekhukhune optrek, maar Wolseley het dit verbied omdat hy eers die oorlog met die Zoeloes wou beëindig.⁶⁹ Weens die begin van die perdesiekteseisoen kon daar ná die vrede met die Zoeloes nog nie teen Sekhukhune opgetrek word nie. Wolseley het toe probeer om Sekhukhune sonder magsvertoon te onderwerp. Hy het geëis dat Sekhukhune die oorspronklike boete van 2 000 beeste betaal plus 'n addisionele boete van 500 beeste vir sy latere optrede. Verder moes hy die Regering erken, die voorgeskrewe belasting betaal en die vrede in sy gebied bewaar.⁷⁰

Voorts het Wolseley beoog om Transvaal op finansiële gebied selfversorgend te maak. Die Blankes se belasting moes op datum gebring word en daarna sou dié van die Swartes aan die beurt kom.⁷¹ Die insameling van belasting sou verband hou met 'n

62. M.C. van Zyl: *Die Protesbeweging*.... pp. 122–125.

63. C. 2482, p. 83: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 27.7.1879.

64. Wolseley Papers (Central Library, Hove) S.A. 2, pp. 115–118: G. Wolseley – Stanley, 24.9.1879.

65. *De Volksstem*, 21.10.1879: P.J. Joubert – Redakteur, 7.10.1879.

66. C. 2482, pp. 342–343: Proklamasie deur G. Wolseley, 29.9.1879.

67. Hicks Beach Papers PCC/6/4: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 25.9.1879.

68. C. 2482, pp. 332–335: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 3.10.1879, en Proklamasie deur Wolseley, 2.10.1879.

69. Vgl. C. 2482, pp. 370–374: G. Wolseley aan Minister van Oorlog, 3.10.1879 en ongedateerde Notas deur W.O. Lanyon en M. Clarke, en pp. 75–76: W.O. Lanyon – G. Wolseley, 14.7.1879.

70. C. 2482, p. 375: Opdrag aan M. Clarke, 29.9.1879.

71. Hicks Beach Papers PCC/6/5: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 3.10.1879.

vierde taak wat Wolseley homself opgelê het, naamlik om die Boere tot aanvaarding van Britse gesag oor te haal. Dit was geen geringe taak nie, wat vererger is deur die beperkings wat op die aankoop van ammunisie geplaas is.

In Transvaal kon ingevole Wet nr. 6 van 1873 teen smokkelaars in wapens en ammunisie opgetree word. Volgens Lanyon het hy na sy aankoms in Transvaal gevind dat daar smokkelaars was wat onwettig kruit en patrone aan Swartes verkoop het. 'n Blanke inwoner van Transvaal was geregtig om by 'n landdros 'n permit te kry vir vyftien kilogram kruit of 500 patrone per jaar. Weens die smokkelhandel het Lanyon in April 1879 die aankoop van wapens en ammunisie sonder 'n permit van die koloniale sekretaris verbied. In Julie 1879 het hy weer die landdroste toegelaat om permitte uit te reik, maar slegs vir 'n kilogram kruit en 100 slagdoppies, of 150 patrone per persoon per jaar. Afgesien van die beperkings het Lanyon die landdroste oogluikend toegelaat om arbitrêr op te tree. So was daar gevalle waar landdroste geweier het om permitte uit te reik aan Boere wat nie belastings betaal het nie. In ander gevalle was die landdroste afwesig wanneer daar Boere opgedaag het om permitte te vra en het die vermoede ontstaan dat die landdroste hulle moedswillig verskuil het.⁷²

Dat daar ontevredenheid oor die beperkings was, is logies. Jag het nog 'n vername deel van die Boere se lewenswyse uitgemaak. Daar was selfs van hulle wat van jag 'n bestaan gemaak het. Hulle het ook ammunisie nodig gehad om hulle lewe en eiendom teen wilde diere en rowers te beskerm.⁷³ Ammunisie was vir die Boer so noodsaaklik dat hy noodwendig geïrriteerd sou raak as beperkings op die verkryging daarvan gelê word.

Die irritasie het op die ou end op aggressie en 'n onwettige afnemning van ammunisie afgestuur. Een so 'n voorval het op Middelburg plaasgevind toe 'n stuk of vyftig Boere die verhoor van J.H. Jacobs op 8 Oktober 1879 bygewoon het. Weens die teenwoordigheid van so baie Boere het die landdros dit 'n goeie geleentheid geag om Wolseley se proklamasie oor die behoud van Britse gesag oor Transvaal voor te lees. Wanorde het gevolg en die verhoor moes vir 'n paar uur uitgestel word. Die Boere het toe die hof verlaat en die ammunisie in twee winkels gaan afneem sonder om permitte daarvoor te toon. Hulle het wel vir die ammunisie betaal, maar een winkelier wou nie die geld aanvaar nie.⁷⁴ Verdere gevalle van ammunisie-afnemning het voorgekom in die distrikte Potchefstroom, Ventersdorp, Standerton en Heidelberg, sodat die toestand ernstiger was as wat die Regering aanvanklik gemeen het.

In Oktober 1879 het Wolseley toegegee dat hy die probleme in Transvaal onderskat het. In die eerste plek het sy poging om Sekhukhune sonder geweld te onderwerp misluk en tweedens was hy daarvan oortuig dat die Boere vasbeslote was om vir hulle onafhanklikheid te veg. Hy het geglo dat hy die onrus in Transvaal kon beëindig deur alle twyfel oor die voortsetting van Britse gesag uit die weg te ruim, maar het erken dat hy eerder die Boere aangespoor het om nog harder vir hulle onafhanklikheid te stry. Dit het vir hom duidelik geword dat die meerderheid van die Boere nooit die aneksdasie aanvaar het nie en steeds in hulle standpunt volhard het. "We are hated by 9/10 of the Boers with an intense hate", het Wolseley sonder huiwering verklaar.⁷⁵

72. Vgl. o.a. S.S. 344, pp. 174–180 (R 1821/79); Memorie, 22.5.1879 en Notas deur W.O. Lanyon, 3.6.1879; C.O. 879/16, African No. 204, pp. 494–495; W.O. Lanyon – G. Wolseley, 24.10.1879; C.O. 879/16, African No. 204, pp. 285–286; J.J. Meintjes – G. Wolseley, 31.10.1879; *De Volksstem* 16.9.1879 en 4.11.1879; C. 2505, pp. 131–134; W.O. Lanyon – G. Wolseley, 2.1.1880 en bylae.

73. Vgl. *De Volksstem*, 4.11.1879; *The Transvaal Argus and Commercial Advertiser*, 29.10.1879.

74. C.O. 879/16, African No. 204, pp. 494–503; W.O. Lanyon – G. Wolseley, 24.10.1879 en bylae.

75. Hicks Beach Papers PCC/6/9a; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 28.10.1879; Vgl. C. 2866, pp. 189–190; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 29.10.1879.

Ten spyte van Wolseley se erkenning was hy gekant teen die onttrekking van Britse gesag uit Transvaal omdat dit Britse prestige sou skaad. Hy was onseker van die Boere se planne, maar was gereed vir 'n teenoffensief op 'n vierlei wyse. Eerstens het hy reëlings getref vir die plasing van troepe op strategiese plekke in Transvaal.⁷⁶ Tweedens moes die Boere met gerugte afgeskrik word, bv. dat die artillerie in Transvaal met 'n nuwe en baie gevaarlike bom toegerus word.⁷⁷ Derdens moes die Boereleiers van die onafhanklikheidsbeweging afgerokkel word met staatsposte. So kon Paul Kruger diplomatieke agent by die Swazi's word en M.W. Pretorius lid van die Uitvoerende Raad.⁷⁸ Vierdiens was hy bereid om die leiers met groter konstitusionele vryheid met Britse gesag te versoen.⁷⁹

Wolseley was baie verontrus oor die volksvergadering wat vir 10 Desember 1879 op Wonderfontein belê is. Al sy planne was eintlik daarop gemik om hierdie vergadering te verongeluk. Lanyon moes egter die planne deurvoer want Wolseley was besig met die veldtog teen Sekhukhune, en dit wil voorkom of die planne òf misluk het, òf nooit in werking gestel is nie. Die veldtog teen Sekhukhune het egter suksesvol verloop. Op 2 Desember 1879 is Sekhukhune gevange geneem en 'n week later, 'n dag voor die volksvergadering, was Wolseley terug in Pretoria.⁸⁰ Hy het gehoop dat die onderwerping van Sekhukhune 'n goeie uitwerking op die Boere sou hê, want hulle het geglo dat hy nie daartoe in staat was nie. Bowendien is die rooftogte van Sekhukhune se onderdane met sy onderwerping beëindig en dit sou die Boere bevredig.⁸¹

Na die Sekhukhune-veldtog het Wolseley voldoende troepe gehad om die Boere teen te gaan as hulle enige aggressie beoog. Nadat belangrike besluite geneem is, is die Wonderfonteinbyeenkoms egter ordelik uiteen. Toe hierdie besluite deur M.W. Pretorius en W.E. Bok as voorsitter en sekretaris van die Volkskomitee aan Wolseley gestuur is, het hy die twee leiers op aanklag van hoogverraad laat arreesteer. Bok is dadelik op borg vrygelaat, maar vir Pretorius wou die landraad nie borg aanvaar nie. Wolseley se bedoeling met die arrestasies was om die Boere af te skrik,⁸² maar hy het die gemoedere so opgesweep dat die Boere wou optree. Paul Kruger het hulle egter gekalmeer en toe Pretorius later wel op borgtog vrygelaat is, is van verdere optrede afgesien.⁸³

Wolseley het nog verdere pogings aangewend om die onafhanklikheidsbeweging te beveg. Een daarvan was om 'n Hollandse koerant op te rig wat die Regering sou ondersteun en as teenvoeter vir *De Volkstem* dien. Wolseley het self £300 uit sy eie sak betaal om hierdie koerant, die *Transvaalsche Volksvriend*, vir die eerste ses maande aan die gang te hou. 'n Volgende poging was om M.W. Pretorius aan sy kant te kry deur hom 'n setel in die Uitvoerende Raad aan te bied. Wolseley was selfs bereid om 'n jaar se salaris van £300 vooruit aan Pretorius te betaal.⁸⁴ Voorts het Wolseley die verhoor van Bok en Pretorius op aanklag van hoogverraad uitgestel. 'n Hangende verhoor sou na sy mening die Boere afskrik om die komende volksvergadering in April

76. Wolseley Papers S.A. 1, pp. 133–139; G. Wolseley – W.O. Lanyon, 30.10.1879.

77. Wolseley Papers S.A. 2, pp. 159–165; G. Wolseley – W.O. Lanyon, 9.11.1879. Vgl. A. Preston: *The South African Journal...*, p. 163.

78. Wolseley Papers S.A. 2, pp. 172–175; G. Wolseley – W.O. Lanyon, 11.11.1879.

79. C.O. 879/16, African No. 204, pp. 512–526; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 15.11.1879.

80. C. 2505, pp. 39–40; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 12.12.1879.

81. Hicks Beach Papers PCC/6/13; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 1.12.1879.

82. C. 2505, pp. 127–130; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 2.1.1880 en Mening van Prokureur-generaal. C. 2505, pp. 138–139; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 9.1.1880. C. 2505, p. 25; Telegram G. Wolseley – M. Hicks Beach, 2.1.1880.

83. S.S. 388, p. 96 (R 219/80); Waarnemende Kommissaris, Lichtenburg – Koloniale Sekretaris, 15.1.1880; C. 2584, p. 45; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 16.1.1880; S.S. 388, pp. 122–115 (R 222/80); M.H. Goetz – Koloniale Sekretaris, 14.1.1880; H.C. Bredell en P. Grobler: *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, Pretoria, 1947, pp. 75–77.

84. Hicks Beach Papers PCC/6/17; G. Wolseley – M. Hicks Beach, 16.1.1880.

1880 by te woon. 'n Mens wonder hoe hy 'n man wat hy in die Uitvoerende Raad wou aanstel van hoogverraad kon verhoor.

Ten spyte van Wolseley se talle planne en soms onverklaarbare optrede het hy nie daarin geslaag om die protesterende Boere aan Britse gesag te onderwerp nie. Daar was ook in ander kringe ontevredenheid oor Wolseley se goewerneurskap van Transvaal. Regter John Kotze en sy volgelinge was baie ongelukkig toe hy nie as hoofregter aangestel is nie. Die pos is aan J.P. de Wet van Griekwaland-Wes aangebied. Daar was ook ontevredenheid oor die aanstelling van advokaat W.B. Morcom van Natal as prokureur-generaal.⁸⁶ Tog het Wolseley ook goeie werk verrig. In sy tyd is Transvaal telegrafies met Natal en dus ook met Brittanje verbind.⁸⁷ Hy het ook die Natallers probeer ooreed om 'n deel van die doene op goedere wat vir Transvaal bedoel was aan die Transvaalse regering terug te betaal.⁸⁸

Die laaste belangrike taak wat Wolseley in Transvaal verrig het, was die opening van die Wetgewende Vergadering op 10 Maart 1880, waarmee kroonkoloniebestuur sy volle beslag gekry het. Die Uitvoerende Raad het reeds op 23 Februarie 1880 in werking getree toe dit vir die eerste keer vergader het. Die Raad het bestaan uit die administrateur, die militêre bevelvoerder, die koloniale sekretaris, die prokureur-generaal, die sekretaris van Naturellesake en drie genomineerde nie-amptenare. Hulle was J.C. Holtshausen en J.S. Joubert, wat onderskeidelik in Middelburg en Potchefstroom geboer het, en P.J. Marais, 'n vennoot in die Pretoriase prokureursfirma De Vries en Marais. Tot die Uitvoerende Raad is ses genomineerde lede toegevoeg om die Wetgewende Vergadering te vorm. Hulle was C.K. White, grondeienaar en vennoot in 'n drukkersfirma, van Pretoria, O.W.A. Forsman, Sweedse handelaar en Portugese konsul, van Potchefstroom en vier boere: J.A. Esterhuysen, F.A.R. Johnstone, A.H. Stander en J.H. Nel.⁸⁹

Van die nege genomineerde lede in die twee liggame was sewe voormalige volksraadslede terwyl een, Holtshausen, selfs 'n uitvoerende raadslid in die jare 1871–1877 was. Nie een van hulle was egter vooraanstaande Boereleiers nie. Hulle was in die woorde van *De Volksstem* “de ossen die tot hiertoe nog altyd den disselboom van den wagen gebroken hebben”.⁹⁰ Hierdie koerant het die Wetgewende Vergadering ook as 'n “wetgewende kluchspel” beskou.⁹¹ Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit 'n voorlopige konstitusie was en dat die houding van die Boere in groot mate verhoed het dat iets beters ingestel kon word.

Voor sy vertrek uit Transvaal het Wolseley die aanklag teen Pretorius en Bok laat vaar.⁹² Hy is opgevolg deur sir George Pomeroy Colley, maar anders as onder Wolseley, sou Lanyon onder Colley volle seggenskap oor die Transvaalse siviele administrasie hê. Lanyon het geglo dat “a policy of firmness, patience, and moderation” sake in Transvaal sou regruk. Hy was ook van mening dat daar 'n algemene gevoel van tevredenheid ingetree het nadat die Liberale Party na sy bewindsoorname in Brittanje

85. Hicks Beach Papers PCC/6/18: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 21.1.1880. Vgl. Wolseley Papers S.A. 1, pp. 323–335: G. Wolseley – R.G.W. Herbert, 30.1.1880.

86. C.O. 291/9 nr. 6653/80: J.G. Kotze – M. Hicks Beach, 29.3.1880 en bylae. *De Volksstem*, 16 en 30.3.1880; C.O. 291/5 nr. 3591/80: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 9.2.1880; Kotzeversameling 1: J.G. Kotze – M. Hicks Beach, 21.1.1880; C.O. 291/5 nr. 5036/80: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 1.5.1880 en bylae.

87. *De Volksstem*, 23.9.1879.

88. Kyk o.a. G.H. 602, pp. 145–149 (G 603a/79): G. Wolseley – H. Bulwer, 22.9.1879.

89. C.O. 291/5 nr. 5047/80: W.O. Lanyon – G. Wolseley, 5.3.1880 en bylae. Vgl. J.G. Kotze: *Biographical Memoirs...*, p. 714.

90. *De Volksstem*, 23.5.1880.

91. *De Volksstem*, 16.3.1880.

92. C.O. 291/5 nr. 6651/80: G. Wolseley – M. Hicks Beach, 3.4. 1880.

besluit het om Transvaal onder die Britse vlag te hou.⁹⁵ Lanyon het egter net soos Shepstone gedoen het, stilswey as aanvaarding aanvaar. Die Boere het reeds besluit om hulle eie regering te herstel en het net op die regte tyd gewag. Hulle was meer as ooit begerig om hulle onafhanklikheid te herwin en het hulle nie veel bekommer oor die administrasie in Pretoria nie.⁹⁴

Tog was dit nie so stil daaraan toe as wat Lanyon voorgegee het nie. In *De Volksstem* het groepies Boere verdere kennisgewings geplaas om Engelsesindes, insluitend amptenare, hulle plase te belet.⁹⁵ Belasting is ook nie sonder meer betaal nie. Sommige het eers betaal nadat hulle gedagvaar is.⁹⁶ Nietemin het Lanyon geglo dat die Boereweerstand besig was om te verkrummel.⁹⁷ Dit was hierdie verkeerde oordeel en Lanyon se besluit om strenger op te tree wanneer belasting nie betaal word nie, wat die uitbreek van die Vryheidsoorlog verhaas het.

Lanyon was vasbeslote om die inkomste op te stoot. Hy het geen nuwe belasting gehef nie, maar het aangedring op 'n effektiewe insameling van bestaande belasting. Persone wat geweier het om te betaal is vervolg.⁹⁸ Hierdie beleid het vrugte afgewerp. Toe Lanyon die syfers vir die eerste agt maande van 1880 met dié van 1879 vergelyk het, het hy gevind dat die inkomste vir 1880 meer as twee keer soveel was, terwyl die uitgawes slegs een en 'n half keer soveel beloop het. Hieroor was hy baie gelukkig en self spoggerig.⁹⁹ Baie van die Boere was egter nie so gelukkig daarvoor nie. Hulle het betaling van belasting as onderwerping aan Britse gesag beskou. Sommige wou slegs onder protes belasting betaal en het verwag dat dit op die kwitansies aangedui word. Dit kon die Regering begryplikerwys nie toelaat nie.¹⁰⁰

Daar was in verskeie distrikte weierings om belasting te betaal tensy proteskwitansies uitgereik word. Die Boere van wyk Schoonspruit in Potchefstroom sou egter die eerste met die gereg in gedrang kom. Na aanleiding van die belastingkennisgewings wat uitgestuur is, het 130 Boere van hierdie wyk op 7 Oktober 1880 'n brief aan landdroos A.M. Goetz gerig dat hulle sy regering as onwettig beskou en slegs hulle belasting sou betaal as dit op die kwitansies aangetoon word dat hulle dit onder protes doen en die landdroos onderneem om die geld te bère vir 'n regering wat later wettig saamgestel sou word.¹⁰¹ Die bom het gebars toe een van die Schoonspruiters, Pieter Lodewyk Bezuidenhout, vir 'n belasting van £27-5-0 aangeslaan is. Volgens kommandant Piet Cronje se verhaal,¹⁰² wat deur die Boere geglo is, wou Bezuidenhout nie die volle bedrag betaal nie, omdat hy na sy mening slegs £14 verskuldig was. Die landdroos het geweier om die kleiner bedrag te aanvaar en het Bezuidenhout vir die volle bedrag gedagvaar. Bezuidenhout het verskyn, sy vorige kwitansies getoon en weer die £14 aangebied. Die landdroos het uitspraak gegee dat Bezuidenhout £14 plus £8 regs-koste moes betaal. Bezuidenhout het geweier om nou £22 te betaal, waarop op sy wa beslag

95. C. 2676, pp. 64–65; W.O. Lanyon – Kimberley, 26.6.1880.

94. Vgl. Shepstone Collection: W.O. Lanyon – T. Shepstone, 13.6.1880; C. 2676, pp. 64–65; W.O. Lanyon – Kimberley, 26.6.1880; Gladstone Papers (British Museum, London) Add. Ms. 44464, ff. 97–98; S.J.P. Kruger en P.J. Joubert – Gladstone, 10.5.1880; Courtney Papers (British Library of Political and Economic Science, London) 4 nr. 13; S.J.P. Kruger en P.J. Joubert – L. Courtney, 14.6.1880.

95. Kyk o.a. *De Volksstem*, 8.6.1880 en 20.7.1880.

96. S.S. 425, pp. 11–14 (R 2049/80); Korrespondensie 11.5 – 12.8.1880.

97. C.O. 291/7 nr. 17282/80; W.O. Lanyon – Kimberley, 23.9.1880.

98. Vgl. o.a. S.S. 434, pp. 16–17 (R 2507/80); M.A. Goetz – Koloniale Sekretaris, 10/6/80, en p. 14; Nota deur W.O. Lanyon, 11.6.1889.

99. Lanyon Collection 15, pp. 120–126; W.O. Lanyon – Vader, 18.9.1880.

100. Kyk bv. S.S. 479, pp. 253–254 (R 4507/80); C.F. Ziervogel – Koloniale Sekretaris, 12.10.1880, en G. Hudson – Landdroos, Soutpansberg, 24.10.1880.

101. S.S. 479, pp. 245–246 (R 4515/80); M.A. Goetz – Koloniale Sekretaris, 21.10.1880.

102. *De Volksstem*, 7.12.1880; Verslag deur P.A. Cronje; Lady Bellairs: *The Transvaal War 1880–1881*, Facsimile Reprint, Cape Town, 1972), pp. 46–47.

gelê is. Cronje en 'n stuk of honderd Boere het egter verhoed dat die wa op 11 November 1880 opgeveil word.¹⁰³

Cronje en sy makkers se optrede was dwarsboming van die gereg wat Lanyon nie ongestraf kon laat nie. Hy het 'n troepemag van sowat 225 man en twee kanonne gestuur om die landdros te ondersteun en kaptein P.E. Raaff aangestel om as geregsbode in Potchefstroom te gaan optree. Voorts is bevel dat die belhamels gearreesteer en verhoor moes word.¹⁰⁴ Lanyon het geen ernstige moeilikheid voorsien nie.¹⁰⁵ Hy het hom egter blind gestaar vir die werklikheid. Gerugte van openlike verzet het die rondte gedoen¹⁰⁶ en uit Potchefstroom het 'n koerantkorrespondent soos volg berig: "De geest van openlijke verzet openbaart zich hoe langer hoe meer, hevige botsingen staan ons hier voor de deur, en elke druppel Afrikaansche bloed dat hier valt, zal honderdvoudig gewreken worden."¹⁰⁷

Lanyon was vasbeslote om teen al die jukskeibrekers op te tree. Hy het J.F. Celliers, die redakteur van *De Volksstem*, as een van die persone beskou wat die Boere-agitasie met sy koerant aan die lewe gehou het. Toe daar dus op 16 November 1880 weer 'n kennisgewing van 112 Wakkerstromers verskyn om hulle teen die onwettige regering van die land uit te spreek, het hy Celliers laat arreesteer. Hy wou die oortreders straf sodat moontlike ander oortreders in die toekoms versigtiger sou wees.¹⁰⁸ Sake was egter al besig om handuit te ruk soos dit so duidelik in Potchefstroom geblyk het.

In Potchefstroom het kaptein Raaff se poging om die vier belhamels, Bezuidenhout, Cronje, J.C.J. Basson en C.J. Coetzee, te arreesteer, misluk. 'n Stuk of 115 gewapende Boere het op Piet Cronje se plaas saamgetrek en die belhamels het geweier om hulle oor te gee.¹⁰⁹ Daar was onsekerheid oor die Boere se planne, maar gerugte het daarop gedui dat hulle slegs weerstand sou bied totdat met die eerskomende volksvergadering in April 1881 oor optrede besluit word.¹¹⁰ Hierdie gerugte het Lanyon gerus gestel. Hy het nogtans troepeversterkings aangevra en vir koloniale sekretaris George Hudson na Potchefstroom gestuur om die probleme te probeer oplos.¹¹¹ Ook vir Boereleiers sou 'n uitbarsting voor die volksvergadering ongeleë wees. M.W. Pretorius en Paul Kruger het dus opgetree en die volksvergadering vervroeg na 8 Desember 1880.¹¹²

'n Ontmoeting tussen Hudson en 'n Boere-afvaardiging onder leiding van Kruger op 29 November 1880 op die plaas Kaalfontein het niks opgelewer nie.¹¹³ Daar was onsekerheid oor die toekoms en in die Wetgewende Vergadering het C.K. White 'n voorstel ingedien dat die Regering misluk het om die vertroue van die burgers te wen en dat 'n verteenwoordige vorm van regering nodig was om dit te bewerkstellig. White het egter geen ondersteuning gehad nie en het die voorstel teruggetrek.¹¹⁴ Ook regter

103. S.S. 492, pp. 292–295 (R 5343/80 by R 5296/80); M.A. Goetz – Koloniale Sekretaris, 11.11.1880, 10h30 en 11h30 (2 briewe).

104. C.O. 291/13 nr. 4976/80; W.O. Lanyon – W. Bellairs, 14.11.1880; S.S. 492, pp. 298–301 (R 5343/80 by R 5296/80); G. Hudson – M.A. Goetz, 14.11.1880; C.O. 291/13 nr. 4976/81; W. Bellairs – Adjunk-Adjutant-Generaal, 14.11.1880; C. 2740, pp. 111–112; W.B. Morcom – Kroonvervolger, 15.11.1880.

105. C. 2740, pp. 109–110; W.O. Lanyon – Kimberley, 14.11.1880.

106. *De Volksstem*, 16.11.1880. C.O. 291/13 nr. 4976/81; Rapport deur maj. Thornhill, 16.11.1880, en maj. Thornhill – Brigademajoor, 18.11.1880.

107. *De Volksstem*, 16.11.1880.

108. C. 2740, pp. 115–119; W.O. Lanyon – Kimberley, 19.11.1880.

109. S.S. 492, pp. 307–310 (R 4922/80 by R 5296/80); P.E. Raaff – M.A. Goetz, 19.11.1880.

110. Vgl. S.S. 487, pp. 16–18 (R 4968/80); M.A. Goetz – Koloniale Sekretaris, 24.11.1880; C.O. 291/81; Maj. Thornhill – Brigademajoor, 23 en 24.11.1880.

111. Vgl. S.S. 487, p. 15 (R 4968/10); Nota W.O. Lanyon – G. Hudson, 3.3.1881; C.O. 291/13 nr. 1228/81; W.O. Lanyon – G.P. Colley, 26.11.1880; L.B. 4, pp. 14–16; W.O. Lanyon – Kimberley, 28.11.1880.

112. *De Volksstem*, 7.12.1880; Notule van Vergadering, 25.11.1880.

113. C. 2783, pp. 24–27; G. Hudson – W.O. Lanyon, 1.12.1880. *De Volksstem*, 7.12.1880.

114. C. 2783, pp. 28–39; Notule Wetgewende Vergadering, 29.11.1880.

Kotze wou 'n botsing verhoed deur op 5 Desember 1880 in 'n brief by Lanyon daarop aan te dring om met die Boere te onderhandel. Volgens hom was die Transvalers 'n protesterende volk wat nog nooit die anneksasie aanvaar het nie. Daarenteen wou die Britse regering nie die anneksasie herroep nie. Kotze wou hê dat die kroonkolonie na 'n protektoraat verander moes word. Die Britse vlag sou dus verdwyn en die Transvalers sou hulle eie regering terug kry.¹¹⁵ Hierdie plan kon moontlik 'n botsing verhoed het, veral as in ag geneem word dat daar na die ooglog volgens hierdie riglyne onderhandelings gevoer is. Of Lanyon daartoe gewillig was, weet ons nie. In hierdie verband het Kotze later opgemerk: "Sir Owen Lanyon with his advisers went on blundering. Having eyes they saw not, and having ears they heeded not."¹¹⁶

Die volksvergadering by Paardekraal het die tydperk van onderhandeling beëindig. Die Vryheidsoorlog het gevolg. Dit is baie onwaarskynlik dat die Boere Britse gesag sou aanvaar het as die administrasie van 1877 tot 1880 beter was. Die meeste Boere het die anneksasie onder protes aanvaar en die protes kon alleen deur onttrekking van Britse gesag, of deur oorlog beëindig word. Onderhandelings oor die protes het die Transvaalse Afrikaners nouer aan mekaar gebind en die kloof tussen hulle en die Engelse verbreed. Administratiewe maatreëls soos die insameling van belastinge het hulle geïrriteer en het uiteindelik die kruitvat laat ontplof. Dit sou egter verkeerd wees om te beweer dat 'n swak Britse administrasie die vernaamste rede vir die oorlog was. Dit was maar een van die oorsake.

115. J.G. Kotze: *Biographical Memoirs* pp. 731 – 734.

116. *Ibid.*, p. 734.